

Adam Small's foreword in Kitaar my kruis

Adam Small, the “father of Kaaps”, makes a number of significant propositions in the foreword to his collection Kitaar my kruis (1973). To interpret these statements adequately, they must be situated within the historical evolution of Cape Dutch and within Small's deliberate, activist gesture of renaming it Kaaps. Writing as an advocate for Kaaps, Small posits that “the language” embodies “the full life” of a community, thereby asserting its expressive and cultural legitimacy. At the same time, the preface suggests a subtle distance between Small, the reflective poet-intellectual, and “the people who speak it”. His conscious adoption of Kaaps as a literary medium constitutes an explicit rejection of the reductive comic stereotypes historically associated with it. Subsequent writers have followed Small's example in employing Kaaps as a vehicle of literary expression, though in contemporary practice it functions predominantly as a marker of cultural identity and differentiation.

1. Inleiding

Adam Small is al die “vader van Kaaps” genoem omdat hy in hoofsaak daarmee geassosieer word (Le Cordeur, 2020; Hendricks, 2012: 99).¹ Hy is wel nie die eerste persoon om die term te gebruik nie, aangesien die term vroeër algemeen as wisselbenaming vir “Kaaps-Hollands” en “Kaapse Afrikaans” gebruik is (Hendricks, 2016: 3). In sy voorwoord tot die herdruk van *Kitaar my kruis* stel Small sy keuse onomwonde: “Die Kaaps (soos ek hierdie taalmedium graag wil noem, en genoem wil hê) waarin die groot gros van hierdie verse geskryf is, het meer as ’n klein beroering onder ons mense veroorsaak, binne die letterkunde én daarbuite” (Small, 1973a: 9). Die benoeming van die Kaapse omgangstaal en verwerking in wat die taalkundige Ernst Kotzé die “literêre Kaapse vernakulêr” noem (Hendricks, 2012: 97; Hendricks, 2016: 4) en bowenal die stigmatisering daarvan het ’n lang aanloop in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (sien Hendricks, 2016).

In hierdie artikel word aspekte van Small se bekende uitspraak oor Kaaps uit die voorwoord van die hersiene herdruk van sy bundel *Kitaar my kruis* ondersoek. Small (1973a: 9) skryf onder meer:

Ek wil net sê, by herhaling [...] dat Kaaps nie is wat sekere Engelse mense in Suid-Afrika *Capey* [...] noem nie, en ook nie wat sekere Afrikaanse mense *Gamat-taal* noem nie. Kaaps is 'n taal, 'n taal in die sin dat dit die volle lot en noodlot van die mense wat dit praat, dra: die volle lot, hulle volle lewe 'met alles wat daarin is'; 'n taal in die sin dat die mense wat dit praat, hul eerste skreeu in die lewe skreeu in hierdie taal, al die transaksies van hul lewens beklank in hierdie taal, en hul doodsroggel roggel in hierdie taal. Kaaps is nie 'n grappigheid of snaaksigheid nie, maar 'n taal. Uit die meer as 'n dekade se ervaring met o.m. gehore by voordragte van my werk in hierdie 'medium', weet ek hoe van pas dit is om die leser of aanhoorder van hierdie gedigte attent te maak op die feit dat ons hier met 'n taal te doen het.

Small maak 'n aantal stellings wat hier van nader beskou sal word. Hy skryf as pleitbesorger namens die sprekers van Kaaps en gaan van die sentrale aanname uit dat Kaaps "'n taal" is wat die volle lewe van 'n groep mense omvat. Die geïmpliseerde afstand tussen Small, die individu en digter, en "die mense wat dit praat" skemer in die formulering deur. Terwyl Small Kaaps bewustelik as 'n literêre "medium", dus as literêre tegniek of kunsgreep, gebruik, wys hy dit uitdruklik as "'n grappigheid of snaaksigheid" af. Deel van Small se nalatenskap is dat hy talle skrywers beïnvloed het om Kaaps as 'n literêre medium te gebruik, wat sommige hedendaags as onderskeidende identiteitsmerker aanwend. Om al die aspekte in konteks te verstaan, is dit sinvol om ten aanvang 'n oorsig van die ontwikkeling van die Kaapse omgangstaal en Small se aktivistiese daad van herbenoeming van "die taal" te gee.

2. Die geskiedenis: 'n Taal, herbenoeming en aktivisme

2.1. Gekreoliseerde Nederlands: Teoretiese persepsies

Vroeë beskrywings van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans berus aanvanklik op verbandlegging tussen Nederlands en Afrikaans, die naspeur van argieftekste en later teorieë oor taalkontak en kreolistiek (Grebe, 2012: 8). Van hierdie vroeë teorieë beklemtoon die "spontane ontwikkeling uit Nederlandse dialekte" met die aanname dat op grond van hierdie hipotese Afrikaans "geen kreoolse taal is nie" (Grebe, 2012: 19). Hoewel "krompraters" se invloed erken word, onderbeklemtoon D.B. Bosman, die grondlegger van dié teorie (sien Grebe, 2012: 19), hulle aandeel aan die ontwikkeling van Afrikaans. Dié onderbeklemtoning, reken die historiese taalkundige Heinrich Grebe (2012: 19), "berus nie suiwer op taalkundige oorweginge nie".

In die 1990's tree die Khoi-substraat-hipotese en die invloed van "die

Afrikakonteks”, “die landeie” en “taaldata wat hier in Afrika self ontstaan het” sterk op die voorgrond, terwyl die invloed van Suid-Asiatiese tale, veral Maleis of Maleis-Portugees, sedert die vroegste teoretiese besinnings onmiskenbaar is (Den Besten, 2001: 54-56; Grebe, 2012: 14-16, 27). Hierdie teorieë suggereer dat mense aan die Kaap met hulle uiteenlopende agtergronde en tale ’n merkbare invloed op 17de-eeuse Nederlands en die ontwikkelende Kaaps-Hollands gehad het (sien Hendricks, 2016: 3).

Terwyl historiese taalkundiges worstel om die wordingsgeskiedenis vanuit argivale data te agterhaal, is dit opvallend dat in tydgenootlike literêre tekste in die vroeë 19de eeu daar min onsekerheid oor die aard, afkoms en ontwikkeling van vroeë Kaaps-Hollands was. Die Khoi-karakters in *De nieuwe ridderorde of De temperantisten* (1832) en *Kaatje Kekkelbek or Life among the Hottentots* (1838) van onderskeidelik Etienne Boniface en Andrew Geddes Bain praat ’n verbasterde Kaaps-Hollands. Dié taalgebruik word as die draer van klugtigheid gebruik, en daarmee saam die figure wat dit uiter (sien Keuris, 2022: 10; Shaw, 2009: 5).

Die kultuurhistorikus Achmat Davids (2024: 62) kom tot die gevolgtrekking dat die onderklasse in Kaapstad in die algemeen “gekreoliseerde Nederlands” in die 1830’s gepraat het. Dié neiging in die genoemde dramas is vir hom ’n erkenning dat “gekreoliseerde Nederlands” die taal van die Khoi, slawe en vryslawe, “die grootste deel van die bevolking in Kaapstad”, was (Davids, 2024: 62). Sewe dekades later, in 1900, oordeel ’n voorstander vir “die behoud van die Dietse saak”, Hubertus Elffers, ’n Nederlandse immigrant, skrywer van die Bybeldrama *Debora* (1893) en ’n man van vele ambagte (Smit, 1966: 238, 240-244) dat “(p)erhaps the best representatives of Cape Dutch are found among the Malay population of the Cape Peninsula [...] and the Bastards born and bred at German mission stations where Cape Dutch is the only medium of expression” (Elffers, 1901: 6).

Dié koine, die gekreoliseerde Nederlands, is in die 19de eeu pejoratief benoem om dit van Nederlands te onderskei. Die term ‘Hottentot-Hollands’ was van vroeg ’n term wat algemeen gebruik is. ‘Kaaps-Hollands’ het mettertyd in die 19de eeu die gebruikelike oorhoofse term vir dié demotiese taalvorm geword. Latere beskrywers het fyner onderskeidings, meestal gebaseer op etniese vooroordele soos Burger-Hollands, Hottentot-Hollands en Slawe-Hollands of Boere-Afrikaans en Maleier-Afrikaans, ingevoer (sien Van der Merwe en Posthumus, 1968: 69). Die literator F.C.L. Bosman (in Boniface, 1954: 58) meld dat “die geleerde Kapenaar” in die opvoerings van Boniface Kaaps-Hollands (hy noem dit “Afrikaans”) “in die mond van die Kleurling en die Blanke landelike bevolking [...] beskou [het] as ’n Hotnotstaal”. Met die

oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die laat 19de eeu verwys 'n berigskrywer in *The Cape Argus* steeds na dié vorm van vroeë Afrikaans as “the plat-Hollands of the street and kitchen to a written language and perpetuate it. [...] The spelling, the words the idiom, the grammar (of the GRA's publications) – all such may at any time be taken from the mouths of any old Hottentot” (aangehaal uit Davids, 2024: 62).

Wat vroeë navorsers as “‘Hottentots-Hollands’ of ‘Hotnots-taal’ beskryf [het, kan] as voorlopers van die hedendaagse Kaaps gesien word” (Keuris, 2022: 12). Die Kaapse omgangstaal het oor 'n wye spektrum skriftelike beslag gekry, vroeër, soos hierbo aangedui, in die dramas van Boniface en Bain, en later onder meer in die skryfwerk van S.V. Petersen, Peter Blum en André P. Brink waar dit klugtigheid of ten minste andersheid aangedui het (Van Wyk, 2008: 54-55; Hendricks, 2012: 98; Keuris, 2022: 13).

2.2. Gekreoliseerde taal: Stigma en herbenoeming

Davids (2024: 83) meld dat “creolised Dutch, the Cape Muslim variety of Cape Afrikaans” in die 19de-eeuse madressas in Kaapstad gebruik is. Hy maak 'n belangrike opmerking ten opsigte van die gebruik van Arabiese ortografie en dié vorm van “gekreoliseerde Nederlands”. In die lig van die stigmatisering en opvattinge van maatskaplike minderwaardigheid wat met hierdie variëteit verbind word, maak dit sin om Davids (2024: 84) vollediger aan te haal:

The use of the Arabic script for their written communication is an indication of the esteem in which Cape Muslims held the language. Muslims regard the Arabic script as a sacred script, selected by God for the writing of their Holy Qur'ān, and it thus has a place of reverence in their socio-religious life. The Cape Muslims therefore did not view Afrikaans as a language of inferiority or coin its negative names of *kombuistaal* (kitchen language) or *hotnotstaal*. They saw Afrikaans as an inherent part of their psyche and were prepared to transmit it in writing, using their sacred script.

Uit dié aanhaling is dit duidelik dat buitestanders, dit is mense wat nie sprekers van “gekreoliseerde Nederlands” was nie, die taalvorm vanweë sosiale stand en/of etniese vooroordele gestigmatiseer het (sien ook die verwysing na stigmatisering hier onder). Vergelyk in dié opsig die beskrywing van H.J.J.M. van der Merwe (1968: 64) ten opsigte van sy lees van A. van Selms se weergawe van Arabies-Afrikaanse tekste in *Arabies-Afrikaanse studies*. Van der Merwe (1968: 64, en sien ook 35) is oortuig dat daar “'n tweestroom-ontwikkeling in Afrikaans” plaasgevind het: “aan die een kant

ons deftige *Boere-Afrikaans* en aan die ander kant die *Maleier-Afrikaans* [oorspronklike kursivering]. Maleier-Afrikaans word hier duidelik as die afwykende teenpool van ‘deftigheid’ en ‘beskaafdheid’ beskou.

Dié sprekers en Moslem-skrywers van “gekreoliseerde Nederlands” huldig aanvanklik nie dié negatiewe beeldvorming van buitelanders nie, maar met uniewording in 1910, amptelike tweetaligheid en die opkoms van die sogenaamde tweede Afrikaanse taalbeweging word voorbehoude ook onder Moslem-skrywers uit die Kaapse gemeenskap waargeneem. Davids (2024: 97) oordeel voorts dat die gebruik van die omgangstaal in die satiriese rubriek “Straatpraatjies” in die *APO*, die lyfblad van die African People’s Organisation, tussen 1909 en 1922 in sommige kringe negatief beskou is (sien Adhikari, 1996).

Dr. Abdullah Abdurahman, vermoedelik die skrywer van “Straatpraatjies”, was in die openbaar krities oor die uitsluitlik wit uniale regeringsbestel ná 1910 en die noordelike parlamentslede se aandrang op Afrikaans, ’n houding wat sommige *APO*-lesers gedeel het. Een anonieme briëfskrywer beskou Transvaalse en Vrystaatse parlamentslede se onvermoë om Hoog-Hollands en Engels te praat, krities, en beskryf hulle Afrikaans as “vulgar patois fit only for the kitchen” (Willemse, 2007: 75). Implisiet word hier ’n onderskeid tussen Afrikaans in die mond van ’n wit heerserklass en dié van die nie-wit Kaapse onderklas getref. Die negatiewe perspektief moet gebalanseer word met die insig dat die omgangsvariëteit in “Straatpraatjies” in die mond en met die hand van ’n gesofistikeerde politieke waarnemer dien as:

pertinente teenvoeters teen heerserspersepsies. [...] Die politieke sofistiekasie van Piet Uithalder (die fiktiewe rubriekskrywer), uitgespreek in “Straatpraatjies”, ondermyn die blatante koloniale kategorisering wat mense soos hy en dié wat soos hy, as onbeskaafd, substandaard, koddig en as degeneratiewe tipes uitgerangeer het (Willemse, 1996: 173).

Naamgewing en benoeming is wesenlik menslike handelinge. Die Brasiliaanse pedagoog Paulo Freire (2005: 88) maak ’n opmerking ten opsigte van naamgewing wat hier ter sake is, naamlik dat naamgewing ’n daad van skepping is, asook ’n daad van die besitneming van die reg om te benoem en verdere ondergeskiktheid te verhoed. Small se aktivistiese benoeming van die Kaapse omgangstaal na Kaaps is ’n daad van skepping, ’n terugneem van die reg om te benoem. Die moment van sy herbenoeming van die variëteit – “Die Kaaps (soos ek hierdie taalmedium graag wil noem, en genoem wil hê)” – behoort enersyds beskou te word teen hierdie lang geskiedenis van stigmasering, maar andersyds ook teen sy eie geskiedenis van politieke bewuswording en aktivisme.

Small was tussen 1960 en 1973 'n dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), 'n kampus waar vanaf 1970 tot die middel-1980's sommige studente en dosente hulle openlik tot Swartbewustheid verbind het. Small is indertyd as 'n leidende Swartbewustheidsfiguur beskou (Van Wyk, 2017: 96-98; Willemse, 2017: 887-888; Wolff, 2019: 112-113). Hy noem homself "'n swart Sestiger" in navolging van die tendense van die tyd en publiseer onder meer in die nuusbrieff van die South African Students' Organisation (SASO) (Small, 1973b; Small, 1973c). In dieselfde periode as sy voorwoord in die herdruk van *Kitaar my kruis*, die intensivering van studentewoelinge en sy bedanking as dosent by die UWK, dra hy sy belangwekkende opstel "Blackness versus nihilism" tydens 'n SASO-konferensie voor (Small, 1973c).

Hy wei in sy voordrag uit oor herbenoeming en die waarde van die term 'swart' en verwerp die persepsies van die heersende groepering ten gunste van "die werklike mense": "The real people in this country are all those people who reject definition of themselves in the clichéd categories of Whites when they speak of 'race relations'. [...] It is a matter of not running away from yourself, but of daring to come face to face with yourself" (Small, 1973c: 3). Dit is geen sprong van begrip nie om te beseef dat Small se aktivistiese aandrang op die herbenoeming van die Kaapse omgangstaal spruit uit dieselfde intellektuele verwysingsraamwerk waarin die stigmatisering van die heersende orde verwerp word ter wille van 'n bewuste omarming van die self. In sy voordrag verwoord Small (1973c: 3) sy insig so:

We will live without apology [...] We cannot apologize for being ourselves; we will live autonomously as ourselves [...] [W]e are rejecting the idea – their idea which unfortunately has also become deeply embedded in the souls of many of us –, [sic] the idea that we live even in the least by their grace. We may live by the grace of God, but we do *not* live by the grace of Whites.

Hierdie uitspraak resoneer 'n standpunt van Steve Biko (2012: 33) met verwysing na Swartbewustheid: "It urges black people to judge themselves according to (their own standards and outlook) and not to be fooled by white society who have white-washed themselves and made white standards the yardstick by which even black people judge each other." In samehang met hierdie uitspraak kan ook Biko (2012: 32) se uitspraak oor selfhaat gelees word: "the African child learns to hate his heritage in his days at school. So negative is the image presented to him that he tends to find solace only in close identification with the white society."

Dié verwysing na selfhaat en Small se verwysing dat wit mense se siening van ander, in die apartheidstaat hulle ondergeskiktes, “diep in talle van ons se siel ingebed is” kan met stigmatisering en die implisiete minderwaardigheid van die sprekers van die Kaapse omgangstaal in verband gebring word. Met sy intervensie vestig Small as pleitbesorger die aandag op die waardigheid van die sprekers en hulle taal. Terugskouend begin hy ’n proses waarmee ’n lang geskiedenis van koddigheid en veragtelikheid op sy kop gekeer word.

3. “Ek wil net sê, by herhaling ...”: Small as pleitbesorger

Small publiseer sy eerste bundel teen die einde van 1957. Hy is skaars 21 jaar oud. *Verse van die liefde* en die daaropvolgende bundel *Klein simbool: Prosaverse* (1958) is in alle opsigte jeugwerk. Dit is gedigte wat na binne gerig is met die fokus op jeugliefde, die godsdienstige en bestaansbelevens in tradisionele vormgewing. In beide bundels is daar tekens van ’n sluimerende maatskaplike bewustheid. In die bekende gedig “20” verbind hy die sensitiwiteit van sy Christelike godsdiensbeskouing met ’n bewustheid van die omringende maatskaplike omgewing (Small, 1958: 34):

Al sou hierdie land myne wees, en al sy rykdom, maar die liefde
ontbreek my, dan is hierdie land myne net met sy armoede.

Al sou hierdie land myne wees, en al sy godsdiens, maar die liefde
ontbreek my, dan is hierdie land myne sonder God.

[...]

Toe ek ’n kind was het ek gehaat soos ’n kind, maar nou dat ek ’n
man is het ek lief soos ’n kind.

As daar nou swart en bruin en wit bly, is die grootste hiervan vir my
die liefde.

Die eerste werke spreek van ’n uitkyk op die lewe waar die belewing van die ek-figuur oorheersend en deurslaggewend is. Die sentiment wat in die gedig “20” uitgespreek word, kom weer ter sprake in sy essay *Die eerste steen?* (1961) wat hy skryf terwyl hy besig is met sy meestersgraad in Wysbegeerte. Met die voorbereiding van dié teks is Small nagenoeg 24 jaar oud en probeer hy sin maak van die groot politieke omwenteling van die tyd: plaaslik, die

invoer van apartheid ná 1948; internasionaal, die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog en die nawerking van dié gebeure op die individu.

'n Voorval van persoonlike vernedering lei tot sy pleidooi vir universele geregtigheid en menswaardigheid ter plaatse:

Feit is, ten opsigte van ons land, Suid-Afrika: [...] [moet] ons nie-blanke mense afbyt tot die bitterste pitte van vernedering, waar ons, ook Grondwetlik, nie toegelaat word om Suid-Afrikaners te wees nie omdat nasieskap, soos al die beste dinge van ons vet aarde, vir ons witmense gereserveer is (Small, 1961: 108).

Die “ons” waarvan Small praat, is enersyds alle Suid-Afrikaners, maar dan ook soos hy dit self stel, “ons bruinkleuriges, wat daar in die middel platgepers word [...]” (Small, 1961: 102). Die punt wat ter sake is, is dat hy ten opsigte van sy persoonlike groei 'n individualistiese uitkyk handhaaf, maar toenemend 'n breër blik op maatskaplike omstandighede kry. Hy tree tot die openbare debat toe as 'n verteenwoordiger wat nie net namens homself praat nie, maar die strydbyl namens ander opneem.

In sy letterkundige werke bereik hy hierdie sin van verteenwoordiging in *Kitaar my kruis* (1962) en die daaropvolgende *Sê sjibbolet* (1963). Hy is 29 jaar oud met die publikasie van sy hartroerende drama, *Kanna, hy kê hystoe* (1965), dié werk wat naas *Kitaar my kruis* sy skrywerskap definieer. In hierdie publikasies vind Small sy unieke stem en aanslag as digter en dramaturg. Hy word tolk, vertolker en tussenganger van die bruin ontheemdes en werkersklas. Hy representeer, ‘verbeeld’, sy woord in die gedig “My woorde kom weer”, die stem van die uitgeslotenes. In die Afrikaanse letterkunde word Small 'n bemiddelaar tussen die ruimtes van die ontheemdes, die bruin werkersklas en sy wit middelklaslesers wat hy met sy gedigte en dramas inlei in (vir hulle) 'n grootliks onbekende leefwêreld.

Die idioom wat Small gebruik, is Afrikaans, maar dit is 'n Afrikaans wat terselfdertyd bekend én onbekend is. Dit is die Afrikaans wat vandag met Small geassosieer word: die digter en dramaturg wat die stedelike omgangstaal van die Kaapse arbeidersbuurte dikwels satiries en ironies aanwend (sien Hendricks, 2016: 5). Hy word in hierdie publikasies en ook in latere werke soos *Oos wes tuis bes*, *Distrik Ses* (1974), *Joanie Galant-hulle* (1978) en *Krismis van Map Jacobs* (1983) die pleitbesorger vir 'n maatskaplike laag van mense wat grotendeels van politieke en maatskaplike besluitneming uitgesluit is en gewis nie gehoor word nie. As pleitbesorger in sy gebruik van werkersklastaal, verseker Small dat die sprekers van daardie taal ‘gehoor’ word. Tot in die middel-1990's bly Small voortdurend bewus van hierdie rol wat

hy uit eie beweging sedert die 1960's ingeneem het. "Dis maar die ou priester-of-profeetstorie: jy moet vertolk. Jy is die vertolker, jy moet stemgee aan wat jy daar verneem (Small en Van Vuuren, 2012: 12).

4. Kaaps dra "die volle lot, hulle volle lewe [...]"

Die volgende aspek wat in Small se verdediging van Kaaps na vore kom, is dat "Kaaps [...] die volle lot en noodlot van die mense wat dit praat, dra: die volle lot, hulle volle lewe 'met alles wat daarin is'". Small se verwysing na "Capey" en "Gamat-taal" dra soos hier bo aangedui die spore van die geskiedenis rondom die herkoms, ontwikkeling en aard van Afrikaans. Kaaps is ingebed in die volle lewe van 'n groep mense, maar by implikasie ook vir dié van hulle geslagte vóór die vroeë 1970's en daarna.

4.1. Die teken 'Gamat'

Small suggereer dat Capey-Gamat-taal teenoor iets anders – hier onbenoemd – gestel word. Die ingeligte leser sou sonder veel nadenke dié versweë teenstelling begryp. Capey- en Gamat-taal staan teenoor wat destyds Algemeen Beskaafde Afrikaans (ABA) genoem is. Vir die doeleindes van die bespreking word slegs die begrip 'Gamat-taal' hier ondersoek. ('Capey' sou op 'n soortgelyke, maar afsonderlike wyse ondersoek kon word, met wesenlik dieselfde gevolgtrekking.) 'Gamat' funksioneer as 'n teken met die betekenaar ('signifié') Gamat wat 'n uitgebreide geskiedenis van betekenisse ('significant') oproep.

Om 'n vollediger perspektief op 'Gamat' as teken te kry, is dit nodig om van die perspektiewe van die vroeë Afrikaanse taalkundiges in herinnering te roep. Vir jare is debatte oor die herkoms van die taal gevoer wat op die keper beskou, voorkom as hardnekkige pogings om teen wil en dank die invloed van inheemse mense en dié wat tot slawe gemaak is op die vorming van Afrikaans te ontken of gering te skat. (Vergelyk byvoorbeeld Van der Merwe, 1968 se deurlopende poging om die moontlikheid van kreolisering ten opsigte van Afrikaans gering te skat of heeltemal te ontken.)

In 'n ondersoektradisie wat in hoofsaak op geskrewe tekste staatgemaak het, het die onderskeid tussen 'beskaafde' en 'onbeskaafde' vorme van die ontwikkelende taal heel maklik ontstaan. Europese setlaars en hulle nasate se geskrewe (en gerapporteerde) weergawes van Nederlands is sonder uitsondering as 'beskaaf' gekarakteriseer, terwyl inheemse mense en slawe se hoofsaaklik gerapporteerde weergawes as 'onbeskaaf' gereken is. Laat

ons kortliks vertoef by hierdie begrippe wat so diep in ons perspektiewe op taal en identiteit gesetel is. Selfs vandag nog oorleef hierdie perspektiewe in verskuilde terminologie en versweë aannames.

4.2. Die binêre teenstelling: beskaaf/onbeskaaf

Dit is Ferdinand de Saussure wat die konsep van die teken en die binêre teenstelling bekendgestel het met die insig dat taaleenhede waarde het, en elke eenheid omskryf word teen dit wat dit nie is nie (Spivak, 1997: lviii). Ter sake hier is die teoretiese insig dat binêre opposisies gewoonlik hiërargies georganiseer is, die bekende voorbeelde is: man/vrou, swart/wit, lewe/dood, binne/buite, teenwoordigheid/afwesigheid. Die eerste van die eenhede (hier: man, wit, lewe) word dus meestal as waardevoller, beter of gunstiger beoordeel (sien Fogarty, 2005). Die gevolg is dat intellektuele aandag en belang fokus op die eerste term, en dit beïnvloed ons perspektief oor mag in 'n samelewing. Dieselfde geld vir die teken 'beskaaf' wat die afwesige been van die binêre teenstelling 'onbeskaaf' of 'barbaar' oproep. Hier word die eerste term van hierdie paar as gunstiger beskou.

Stel 'n mens 'n lysie van die betekenisse saam wat die tekens onderskeidelik 'beskaaf' en 'onbeskaaf' oproep, kom die volgende onder meer na vore: 'Beskawing' en 'beskaaf' roep Westerse kultuur op – die kerk en Christenskap, Westerse geletterdheid, skrif, taal, kleding en voorbereide kos, rasionaliteit en denke, orde en tradisie. Daarmee saam hang die fenotipiese onderskeid, die waarneembare verskille tussen mense: velkleur, hare, lengte, en die grootte en vorm van die neus en ore.

In hierdie binêre paar word 'beskaaf' vir die Europese setlaars en hulle nasate die norm waarteen alles gemeet word. Daardie 'Ander' is wat 'ek' nie is nie. In dekonstruktiewe terme: 'beskaaf' is dit wat nie 'onbeskaaf' is nie. Vir die begrip 'beskaaf' om te bestaan, moet die teenstellende onderskeid 'onbeskaaf' geskep word, anders is daar geen rede vir die bestaan van eersgenoemde nie. Ter uitbreiding: teenoor my geloof, my God (hoofletter), my Bybel staan hulle ongeloof, hulle gode (kleinletter) of die afwesigheid van gode. Hulle geskrifte of die afwesigheid van geskrifte staan teenoor my Bybel. In hulle beleving oorheers die mondelinge, want hulle is ongeletterd en sonder skrif. Hulle kleding is ongewef en hul kos is rou, want hulle leef na aan die natuur. Die primitiewe, onbeskaafdes het geen rasonale denke nie, hulle reageer instinktief en hul leefwêreld is chaoties met 'n gebrek aan orde.

In alle billikheid is dit ter sake om die teken 'beskaaf' in die vroeë Afrikaanse taalkundige terme van nader te beskou. Die taalkundige W.J. de Klerk (1968:

220) verskaf die volgende verklaring van ‘Algemeen Beskaaf’: “Die AB is weliswaar dikwels die taalgebruiksvorm van ’n toonaangewende minderheid, d.w.s. *die taal van die meerderes en nie van die meerderheid nie*. In die Afrikaanse taalgemeenskap word die invloed van so ’n groep meerderes nie soseer gevoel nie” [kursivering deur my]. Hy haal ’n vroeë taalkundige aan wat dit stel dat “niemand vandag die taalgebruik van die geboortegrond van Afrikaans as die enigste, of selfs die suiwerste, taalstandaard erken nie” (De Klerk, 1968: 221). In beide hierdie aanhalings suggereer die onderliggende waardes van “die meerderes” en die vermeende onsuiverheid van Afrikaans se “geboortegrond” veel meer as net linguistiese normgewing.

Die onderskeid tussen ‘beskaaf’ en ‘onbeskaaf’ gee ’n insig in die navorsers se maatskaplike vooroordele en ideologiese ingesteldheid, ’n “stelsel van idees en representasie wat ’n mens of maatskaplike groep oorheers” (Althusser, 1976: 32, [my vertaling]). Hierdie insigte bly nie privaat nie, maar soos Louis Althusser (1976: 27) aandui, word dit in die samelewing versprei deur die “ideologiese staatsapparate” [my vertaling], onder meer die gesin, die onderwys-, godsdiens-, kommunikasie- en kulturele bestel, en die regstelsel. Oorhoofs in die wydverspreide beskouings word die setlaars en hulle nasate as meerderwaardig beskou en die inheemse mense en dié wat tot slaaf gemaak is, as minderwaardig.

H.J.J.M. van der Merwe, ’n invloedryke taalkundige wat onder meer die boek *Segregeer of sterf* (1961) – ’n pleidooi vir volgehoue apartheid – en verskeie skoolhandboeke geskryf het, probeer die komplekse ontwikkeling van Afrikaans in slegs twee kategorieë indeel. In die handboek *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling* skryf hy en sy kollega, M.J. Posthumus (1968: 69): “ons kry [...] Blanke-Afrikaans teenoor Hottentot-Afrikaans”. Hulle skep dus ’n duidelike onderskeid op grond van herkoms, ‘beskawing’ en waarmee die ‘blankes’ as meerderwaardig geag word (sien Van der Merwe, 1968: 24). Die taalkundiges is minder ingenome wanneer hulle die beskouing van J.G. Swaving, ’n 19de-eeuse reisiger, bespreek, naamlik dat hierdie Blanke-Afrikaans eintlik “Bastaard-Hollandsch”, “die taal van half- en ongeleerde[s], [...] mense van die mindere stand, [is] [...] [en] ’n vorm van verbastering, erbarmlike radbrakery [is]”, dus die taal “van slaaf, Bantoe en Hottentot!” (Van der Merwe en Posthumus, 1968: 69-70). Hulle verontwaardiging en dan spesifiek dié van Van der Merwe (1968: 21, 29, 36, 37, 41, 60) elders in *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling* spruit nie uit verskille oor linguistiese aanpassing en verandering nie, maar uit identiteitsvorming, naamlik die spanning tussen ‘beskaaf’ en ‘onbeskaaf’.

Die ‘ek’ wat die onderskeid maak, beskou homself as ‘beskaaf’; die ander moet dus noodsaaklikerwys ‘onbeskaaf’ wees. As die ‘ek’

verteenwoordigend is van beskawing en kultuur, moet die ander verteenwoordigend wees van onbeskaafdheid, die natuur, en dus primitief wees. ‘Beskaaf’ word meerderwaardig en die sentrale waarde wat in die oorheersde gebied gevestig word.

4.3. Nogeens ‘Gamat’

Nou kan ons terugkeer na die gebruik van Capey/Gamat-taal in Small se voorwoord. Vir ons doeleindes funksioneer ‘Gamat’ as plaasvervanger vir die onbeskaafde, die primitiewe en die vreemde. ‘Gamat’ is die sametrekking vir Mohammed of Moegamat, weergawes van die eerbiedwaardige naam van die profeet Mohammed, die oprigter van Islam. ‘Gam’ roep ook die naam op van Noag se vervloekte jongste seun, die voorvader van die Kanaäniete. Gam word in die Bybelse verhaal verban, nadat hy sy vader besope en naak gesien en sy broers daarvan vertel het (Genesis 9: 13-29). Die spesifieke verwysing na Kanaän het mettertyd uit die openbare bewustheid in die Westerse intellektuele wêreld en die Christendom verdwyn. Dié distorsie, die sogenaamde ‘vloek van Gam’, lei tot die ideologiese en teologiese regverdiging vir slawerny wat verreikende gevolge vir mense van Afrika-herkoms of donkerkleurige mense gehad het (sien Whitford, 2021: 82).

‘Gamat’ in beide hierdie interpretasies staan aan die minder gunstige kant van die binêre teenstelling: beskaaf/onbeskaaf. Die begrip ‘Capey-Gamat-taal’ is nie bloot ’n arbitrêre benoeming nie, maar spreek tot die hart van hoe die sprekers van daardie taal beskou word. In die terme waarin Small skryf, word die versweë Algemeen Beskaafde Afrikaans dus gunstiger as Capey-Gamat-taal beskou.

5. Die geïmpliseerde afstand: “die mense wat dit praat”

Die volgende aspek is die geïmpliseerde afstand tussen Small, die individu en digter, en “die mense wat dit praat”. Om hierdie afstand te belig, moet ’n kort opsomming van sy lewensloop gegee word. Small is op 21 Desember 1936 in Wellington, in die Boland, gebore en het daarna grootgeword op Goree, ’n klein plaasgemeenskap naby Robertson (Cleophas, 2012: 28, 29). Sy pa John Small was ’n onderwyser by die NGK Kleurling Hugenoot Primêre Skool, vandag die Hugenote VGK Primêre Skool, en ’n lekeprediker in die Gereformeerde tradisie. Sy ma, Fatimah, was ’n huisvrou en haar pa was van Indiese Moslem-herkoms.

In 1944 trek die gesin na ’n werkersklasbuurt naby Retreat in die suide van Kaapstad en vestig hulle later in die nabygeleë Heathfield. Small is 11

jaar oud wanneer hulle “’n steenhuis” in hierdie middelklasbuurt betrek (Cleophas, 2012: 30). Sy pa hou skool by Blouville NG Sending Primêr waar Adam aanvanklik skoolgaan. Volgens Francois Cleophas (2012: 30), Small se kleinneef, was die skool “deel van ’n krotbuurt met ’n groeiende bruin- en swartbevolking te midde van sandduine en staande poele water in die winter.” Tussen 1949 en 1953 woon Small verskeie Rooms-Katolieke skole by waar Engels die onderrigtaal is: St. Augustine’s (st. 6-8) en Immaculata High School in Wittebome (st. 9), en hy skryf sy matriek aan die seunskool St. Columba Roman Catholic High School in Crawford (Cleophas, 2012: 32). In 1956 voltooi hy sy BA- en later sy honneurs- en MPhil-graad, laasgenoemde in 1962. Vir die 1964-1965 akademiese jaar studeer hy as beurshouer van die British Council morele filosofie aan die Universiteit van Oxford.

Wat word ons wys uit hierdie basiese lewensbeskrywing? Small kom na die Kaapse Skiereiland as ’n buitestander. Hy is ’n plattelander en praat soos sy ouers waarskynlik ’n weergawe van Afrikaans wat hulle onderskei van hierdie onmiddellike leefomgewing. As gesin kom hulle vir die eerste keer deurlopend met die stedelike Afrikaanse variëteit van ’n werkersklasbuurt in aanraking. As kind van omstreeks sewe, agt jaar oud, moet Small aanpas in die stad wat totaal vreemd is. Die gesin bly aanvanklik in ’n werkersklasbuurt, maar hulle is nie werkersklas van oriëntasie nie. Die Small-gesin se klasposisie is middelklas of ten minste aspirerend middelklas (Cleophas, 2012: 25). Dit geld ook die waardes waarmee Small opgroei soos selfdisipline, ’n konstante werksetiek, selfhandhawing en -opheffing, meelewing en die doen van goeie dade in die Rooms-Katolieke tradisie. Hoewel hy aanvanklik in ’n “krotbuurt” skoolgaan, is sy pa ’n onderwyser, en hy word na Rooms-Katolieke hoërskole gestuur waar hy onderrig in Engels ontvang (Cleophas, 2012: 32). Indertyd, soos vandag, is Engels en hoërskoolopleiding tekens van middelklasaspirasie wat bevestig word wanneer Small aan die Universiteit van Kaapstad studeer (Cleophas, 2012: 25, 38). In 1959 en 1960 word hy ’n dosent aan onderskeidelik die Universiteite van Fort Hare en Wes-Kaapland, ’n duidelike bevestiging van sy middelklasstand.

Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat Small self nie in Kaaps grootgeword het nie, maar as ’n buitestander daartoe tree. Daar is ’n merkbare verskil tussen die taal van die huis en dié van die skool en die omgewing rondom hom. Kaaps is die taal van die kinders wat hy vir die eerste keer in die stedelike laerskool in werkersklas Blouville, Retreat, teëkom. Dit is die taal wat hy in alledaagse situasies om hom hoor, op die trein, op die parade, by die straatpredikers, smouse en in gewone gesprekke. Hy hoor die musikaliteit, die alledaagse slimmighede en lospraatjies van die manne op straat. Hy hoor juis die verskille omdat hy ’n buitestander is en besef dat sy eie taalgebruik en dié

van sy huisgesin, komende van Wellington en Goree, daarvan verskil. Trouens, hy hoor hoofsaaklik die taal van mans, maar dit is duidelik nie die Afrikaans van Goree of die taal van die middelklas waarin hy hom bevind nie. In “Groot Krismisgabet” sê die spreker:

En dis nie net tien djou wat hulle verbitter is nie Here
hulle's verbitter ook tien die well-off mense
daar's 'n anner song wat hulle sing

Small is self een van daardie “well-off mense”. Juis in *Kitaar my kruis* (1962), die eerste bundel waarin hy hoofsaaklik Kaaps aanwend, is die verskil tussen die maatskaplik-politieke gedigte en die meer persoonlike gedigte duidelik. Die eersgenoemde is deur die bank in Kaaps geskryf, terwyl laasgenoemde in AB- of Standaardafrikaans of Engels geskryf is, soos ook later in *Black Bronze Beautiful* (1975). In 'n novelle wat buite die Kaapse Skiereiland afspeel, *Heidesee* (1979), is die taalvorm hoofsaaklik algemene Afrikaans. Dieselfde geld vir sy skryfwerk wat van 'n meer persoonlike aard is, soos die digbundel *Klawerjas* (2013) en die drama *Maria, moeder van God* (2015). Sy mees persoonlike drama *The orange earth* (2013) is in Engels geskryf en opgevoer. In sy laaste bundel, *Klawerjas*, in die gedig “My woorde kom weer” stel hy hierdie spanning tussen pleitbesorger, tolk en vertolker teenoor die digter se “eie belang” wat “homself as individu op die verhoog moet / bring”. Hier is die afstand tussen die persoonlike en die rol van “Adam”, die maatskaplike verteenwoordiger, duidelik. Kaaps dien hier as letterkundige kunsgreep en nie as intieme identiteitsmerker nie:

Ek hoor 'n stem wat my vra: Adam,
wat het van jou Kaaps geword? Hierdie
nuwe verse klink só anders. Ek dink ná,
antwoord dan: My Kaaps is goeie geskiedenis –
die stemme, soos ek dit verbeeld het, van die
stemloses. Maar daar kom 'n keer wanneer
'n digter ook aan sy eie belang sal dink,
homself as individu op die verhoog moet
bring.

6. “Kaaps is nie 'n grappigheid of snaaksigheid nie [...]”

Hier bo is uitgewei oor die binêre opposisie beskaaf/onbeskaaf. Deel van die onderliggende betekenis van ‘onbeskaaf’ is dat die aanleerder-spreker se

spraak as gebrekkig en verwronge beskou word. Weer is dit nuttig om hierdie stelling teen 'n breër historiese hoek te bekyk, en iets agter te kom van die geïmpliseerde spanning tussen toehoorder en spreker, taalnormering en gestigmatiseerde 'afwyking'.

Die ontwikkelende Afrikaans aan die begin van die 19de eeu word gebruik deur "die Hottentotte" en mense wat tot slawe gemaak is. In hulle monde word die taal van politieke administrasie en ekonomiese verkeer omvorm. Tog beweer Van der Merwe (1968: 23): "Alles bymekaar gereken, het Afrikaans *bloot 'n klompie Hottentotse name* vir [natuurverskynsels], sedes, gewoontes, en dinge oorgeneem, miskien altesame nie eers 50 woorde nie" [my kursivering]. Hy kom ná 'n bespreking oor die invloed van Maleis-Portugees tot die volgende slotsom: "geen Nieblankes as groep of as individuë het Nederlands sodanig beïnvloed dat dit verander het tot Afrikaans nie. [...] Ons erken Nieblanke-invoel ten opsigte van ons woordeskat, niks meer nie" (Van der Merwe, 1968: 29).

In weerwil van dié ontkenning, gebruik Boniface in sy drama *De nieuwe ridderorde of De temperantisten* die Hottentot-figure as sprekers van vroeë Kaaps-Hollands wat hulle belang as sprekers (en dus ook vormgewers) daarvan onderstreep. Die sprekers van hierdie vroeë Kaaps word die toonbeeld van afwyking en gebrekkigheid. Moreel wyk hulle af, hulle is dranklustig. Hierdie figure is die toonbeeld van spot en bespotting. Vergelyk die karakters se karakteriserende name: Klaas Galgevogel, Hans Droogekeel, Piet Dronkelap, Dampje Waterschuw, Griet Drillbouts en Manus Kalfachter. Al hierdie name gee 'n aanduiding van die wyse waarop hulle in die klug hanteer word en die waardes wat hulle verteenwoordig. Elkeen van hierdie benoemings is pejoratief, selfs dié van Manus Kalfachter wat as 'n verteenwoordiger van die volk van Bethelsdorp voorgestel word. 'n 'Kalfakter' is volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* onder meer 'n "karakterlose persoon" wat geneig is tot inkruipery en "ongure handlangerswerk".

Die taal is nie net taal nie, maar word hier inherent die draer van komieklikheid. Dit is juis een van die gevare van skryf in dialektiese vorme, naamlik dat die sprekers daarvan bespotlik gemaak word. Skrywervoororgangers soos Blum, Petersen en Brink gee voorrang aan die geestigheid en die straatwysheid van Kaaps-sprekers; die talle navolgers van Small ontkom nie daaraan nie.

Small spreek in sy intervensie hierdie diepgesetelde persepsies van koddigheid teë. Die stelling is, soos vroeër gemeld, 'n verwerping van stigmasering en 'n bevestiging van die inherente menswaardigheid van die sprekers van Kaaps: "We will live without apology [...] we will live autonomously as ourselves" (Small, 1973c: 3).

7. Kaaps vandag as medium

Die Kaaps waarin Small skryf as 'n literêre tegniek, 'n kunsgreep, omvat die belewenisse, lewensuitkyk en die maatskaplike omstandighede van mense vir wie hy as vertolker en tolk optree. In hierdie opsig verskil Small se aanslag grotendeels van sy voorgangers en navolgers. Kaaps is vir hom die vorm en medium waarin die boodskap van protes oorgedra word; dit is een van die letterkundige tegnieke waarmee hy as skrywer woeker. Om die verskil tussen Small se opvatting van Kaaps te begryp, is dit gerade om die werk van sy navolgers op te roep.

Vir ander is Kaaps 'n wesenlike deel van hulle bestaan en identiteit. Die digter Peter Snyders doen soos Small voorbrand vir Kaaps as taal, en is die mees konstante aktivis vir Kaaps sedert die vroeë 1980's. Reeds in 1985 tydens die eerste swart Afrikaanse skrywerssimposium sê hy: "Ons doen groot bydrae tot dié Afrikaans [...] wat die taal van die toekoms gaan word [...] Dit is tyd dat ons ons taal self op rekord plaas" (Snyders, 1986: 87). Tien jaar later tydens die tweede swart Afrikaanse skrywerssimposium herhaal hy dieselfde idee met dié woorde: "My kultuur het sy eie taal ontwikkel. My taal, Kaaps, is die uitdrukking van my kultuur" (Snyders, 1997: 145). In 2005 tydens die derde swart Afrikaanse skrywerssimposium skryf Snyders: "Kaaps is nie 'n variant of dialek van Afrikaans nie. Kaaps was ook nooit Afrikaans nie. Kaaps is 'n taal in eie reg" (Snyders, 2015: 197). Snyders praat en skryf as binnestander, 'n posisie wat Small nooit werklik kon bereik nie.

Sedert hierdie rigtinggewende uitsprake van Snyders het 'n geslag skrywers ontluik wat hierdie aannames verder voer en aandring dat Kaaps inderdaad 'n afsonderlike taal is wat die wesenlike basis van hulle skryfwerk verteenwoordig (sien Attridge, 2024). Met hierdie aandrang word Kaaps 'n identiteitsmerker, meer as net 'n tegniese gegewe. Nathan Trantraal (2018: 20) vertel in een van sy versamelde rubrieke, "Dit was 'n dag wat ek nooit sal vergeet nie" uit *Wit issie 'n colour nie*, van sy gewaarwording dat sy leerlinge moet skryf "soes (hulle) praat":

"Skryf vi my iets oo waa jy vandaan kom, en skryf it soes jy praat." Hulle het my angekyk asof ek befok is. It het about drie klasse gevat om hulle te convince om net te doen wat ek vi hulle fokken sê, dat hulle nie hoef te vestaan hoekom ekkie sê nie. Ek was amazed deerie shit wattie laities geskryf et, horriefied en saddened dee meeste vannit.

In sy rubriekbundel *Misfit: Stories vannie anne kant* dink Chase Rhys (2022: 15-16) queer- en taalidentiteit saam:

Ek't my hele liewe lank klere gedra wat apparently vi vroue gemaak is, wan ek't al my ma en haa susters se hand-me-down garments gekry. In my kinnejare het al vie susters by dieselle klerewinkel gewêk. [...] Ná ek my hyswêk innie storeroom gedoenit, het ek tussenie mesmerizing kledingstukke gespeel, ommie metaal rails geswai en lang chats met my beste vrin – 'n mannequin named Ronél Number 5 – gehad. My ma se klere was vi my 'n belangrike beacon van klee inne otherwise baie donke wêreld.

In die volgende aanhaling uit “endgame” deur Veronique Jephtas (2021: 45) in *Soe rond ommie bos* word taal, jong vroulike middelklasidentiteit en die politiek van hare saam verbeeld:

ek sallie eeste een wies om te admit dat
met groot hare kô aandag en onnorage baggage
by woodfees 2019 toe gan kyk ek endgame
die een tannie sak af
jy kan nie jou hoë hare maak as jy teater kom kyk nie
ek gie haa toe 'n vylkyk
toe sak sy wee af
ek grap maar net hoor

die sad deel vannie hele storie
wassie ees dat sy it gesê hettie
dit wassie dat ek kon hoor sy joke genuinely
en is uneducated oo hare nie
maa it wassie feit dat my wit vrinne vi my sê
ek kan nie glo sy sê dit vir jou nie, maa hulle sê dittie vi haa nie
die tannies wattie kon sienie sit nou op anne mense se seats
en ek sit en dink hoe ek my hare hoër kan maak virrie volgene show

In hierdie drie aanhalings word Kaaps as identiteitsmerker gebruik, waar die taalgebruiksvorm meer as net 'n literêre tegniek is. Hierdie is outobiografiese tekste waar die rubriekskrywer net soos die spreker in die gedig intiem met die omgewing assosieer waar Kaaps in hoofsaak gepraat word. In die geval van Trantraal en Jephtas is taalaktiwisme opvallend. Vir eersgenoemde as onderwyser wat sy leerlinge aanmoedig om te skryf soos hulle praat en in die geval van laasgenoemde waar haar taalgebruiksvorm haar duidelik onderskei van haar “wit vrinne”. Die vermoedelik wit spreker se uiting word in standaardortografie weergegee – “jy kan nie jou hoë hare maak as jy teater

kom kyk nie” en “ek kan nie glo sy sê dit vir jou nie” – en haar eie beskouing in die res van die gedig in nie-gestandaardiseerde ortografie.

Die belangrikste onderskeid tussen Small en hierdie latere skrywers wat in Kaaps skryf, is dat hy téén ’n tradisie ingeskryf het waarin die mense wat Kaaps praat, verneder en uitgestoot is, en hulle veerkragtigheid toon deur humor – soms bitter-snydende humor. Talle latere navolgers van Small volg die vorm na, en skep mee aan ’n tradisie wat breedweg as bevestigend van sy vroeër aktivisme beskou kan word.

8. Ten slotte

Small wat as buitestander met die omgangstaal in die werkersklasbuurte van sy jeug in aanraking kom, tree as aktivis op in sy herbenoeming daarvan tot Kaaps. Dié aksie hang saam met sy intellektuele heroriëntasie tydens die Swartbewustheidsperiode in die vroeë 1970’s waartydens hy bewus word van die noodsaak “to live autonomously as ourselves”. In die Afrikaanse letterkunde dien hy as ’n bemiddelaar tussen die sprekers van Kaaps en sy hoofsaaklik wit middelklaslesers wat hy in ’n onbekende leefwêreld inlei. As pleitbesorger vestig hy die aandag op die waardigheid van hierdie sprekers en hulle taal en keer daarmee ’n lang geskiedenis van Kaaps as ’n taal van koddigheid en veragtelikheid op sy kop. Hier is aangetoon dat Small se verwysing na ‘Capey’ en ‘Gamat-taal’ die spore dra van ’n geskiedenis rondom die herkoms van Afrikaans, asook die beskouings oor die maatskaplike posisie van die sprekers van Kaaps. Teen die einde van die artikel is aangetoon dat Small Kaaps hoofsaaklik as ’n medium, ’n kunsgreep, aangewend het. Vir sy navolgers is Kaaps ’n identiteitsmerker wat wesenlik is vir hulle rol en plek as skrywers.

Sol Plaatje Universiteit

Bronnelys

- Adhikari, M. (red.). 1996. *Straatpraatjies: Language, politics and popular culture in Cape Town, 1909-1922*. Pretoria: Van Schaik.
- Althusser, L. 1976 (1971). *Essays on ideology*. Londen: Verso.
- Attridge, D. 2024. Lyric poetry and community good: Kaaps and the Cape Flats. In: Fantappiè, I., Giusti, F. en Scuriatti, L. (reds.). *Rethinking lyric communities: Cultural Inquiry*. Berlyn: ICI Berlin Press.

- Biko, S.** 2012 (1978). *I write what I like*. Johannesburg: Picador Africa.
- Boniface, C.E.** 1954. *De nuwe ridderorde of De temperantisten*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Cleophas, F.** 2012. Adam Small: Familiegeskiedenis, aanloep en vroeër invloed. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1): 19-39.
- Dauids, A.** 2024. *The Arabic-Afrikaans writing tradition 1815-1915*. Johannesburg: Jacana Media.
- De Klerk, W.J.** 1968. Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. In: Van der Merwe, H.J.J.M., De Klerk, G.J., Ponielis, F.A. en Posthumus, M.J. *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- Den Besten, H.** 2001. The complex history of the Afrikaans associative constructions. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.
- Elffers, H.** 1901. *The Englishman's guide to the speedy and easy acquirement of Cape Dutch*. Kaapstad: J.C. Juta & Co.
- Fogarty, S.** 2005. Binary oppositions. *The literary encyclopedia*. <https://www.litencyc.com/php/stopics.php?rec=true&UID=122>. (Datum van gebruik: 21 Desember 2025).
- Freire, P.** 2005 (1970). *Pedagogy of the oppressed*. New York: Continuum.
- Grebe, H.P.** 2012. *Op die keper beskou: Oor die ontstaan van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Hendricks, F.** 2012. Om die miskende te laat ken: 'n Blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1): 95-114.
- Hendricks, F.** 2016. Die aard en konteks van Kaaps: 'n Hedendaagse, verledetydse en toekomspektief. In: Hendricks, F. en Dyers, C. (reds.). *Kaaps in fokus*. Stellenbosch: Sun Media.
- Jephtas, V.** 2021. *Soe rond ommie bos*. Pretoria: Protea.
- Keuris, M.** 2022. 'n Voëlvlug oor die ontwikkeling en die gebruik van Kaapse Afrikaans (Kaaps) in Afrikaanse dramas. *Journal of Literary Studies* 38(2): 1-20.
- Le Cordeur, M.** 2020. Maak Kaaps deel van skole se leerplan. *Netwerk24.com*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/maak-kaaps-deel-van-skole-se-leerplan-20200813>. (Datum van gebruik: 22 Desember 2025).
- Rhys, C.** 2022. *Misfit: Stories vannie anne kant*. Kaapstad: Kwela.
- Shaw, D.** 2009. Two 'Hottentots', some Scots and a West Indian slave: The origins of Kaatje Kekkelbek. *English Studies in Africa* 52(2): 4-17.
- Small, A.** 1957. *Verse van die liefde*. Kaapstad: Culemborg.
- Small, A.** 1958. *Klein simbool: Prosaverse*. Kaapstad: HAUM.
- Small, A.** 1961. *Die eerste steen?* Kaapstad: HAUM.

- Small, A. 1963. *Sê sjibbolet*. Johannesburg: Afrikaanse Pers.
- Small, A. 1965. *Kanna hy kô hystoe: 'n drama*. Kaapstad: Tafelberg.
- Small, A. 1973a (1962). *Kitaar my kruis*. 2de hersiene uitgawe. Kaapstad: HAUM.
- Small, A. 1973b. Krisis van 'n swart Sestiger. In: Polley, J. (red.). *Verslag van die Simposium oor Die Sestigters. Gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad 12-16 Februarie 1973*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Small, A. 1973c. Blackness versus nihilism. *SASO Newsletter* 1(3): 14-16.
- Small, A. 1973d. *Oos wes tuis bes: Distrik Ses*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Small, A. 1975. *Black Bronze Beautiful: Quatrains*. Johannesburg: Donker.
- Small, A. 1978. *Joanie Galant-hulle*. Johannesburg: Perskor.
- Small, A. 1979. *Heidesee*. Johannesburg: Perskor.
- Small, A. 1983. *Krismis van Map Jacobs*. Kaapstad: Tafelberg.
- Small, A. 2013a. *Klawerjas: Gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- Small, A. 2013b. *The orange earth*. Cape Town: Tafelberg.
- Small, A. 2015. *Maria, moeder van God*. Tygervallei: Naledi.
- Small, A. en Van Vuuren, H. 2012. 'Jy is die vertolker': Die lewensloop van Adam Small. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1): 10-14.
- Smit, P.D. 1966. Die kultuurhistoriese bydrae van Hubertus Elfers. *Historia* 11(4): 236-244.
- Snyders, P. 1986. Swart Afrikaanse digters en hulle ambag. In: Smith, J. Van Gensen, A. en Willemse, H. (reds.). *'n Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26-27 April 1985*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Snyders, P. 1997. Die skrywer as waghond. In: Willemse, H., Hattingh, M., Van Wyk, S. en Conradie, P. (reds.). *Die reis na Paternoster: 'n Verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Snyders, P. 2015. My moedertaal is Kaaps. In: Willemse, H. en Van Wyk, S. (reds.). *'n Vlag aan die tong. Gedenkbundel van die derde swart Afrikaanse skrywerssimposium*. Pretoria: Hond.
- Spivak, G. 1997 (1967). Translator's preface. In: Derrida, J. *Of grammatology*. Baltimore: John Hopkins University Press.
- Trantraal, N. 2018. *Wit issie 'n colour nie*. Kaapstad: Kwela.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1968. Die ontstaan van Afrikaans. In: Van der Merwe, H.J.J.M., De Klerk, G.J., Ponelis, F.A. en Posthumus, M.J. *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. en Posthumus, M.J. 1968. Die opkoms van

- Afrikaans as kultuurtaal. In: Van der Merwe, H.J.J.M., De Klerk, G.J., Ponelis, F.A. en Posthumus, M.J. *Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Wyk, S.** 2008. S.V. Petersen se tydskrifverhale. *LitNet Akademies* 5(1): 43-57.
- Van Wyk, S.** 2017. Adam Small se identiteitskonstrukte. In: Van der Elst, J. (red.). *Adam Small: Denker Digter Dramaturg*. Pretoria: Protea.
- Whitford, D.M.** 2021. La disparition de Canaan: Malédiction de Cham et justifications de l'esclavage à l'époque moderne. *Revue d'histoire moderne et contemporaine* 68(2): 79-103.
- Willemse, H.** 1996. "Ik is onbekend, ma ik is een van de ras so moet my nie veracht nie": Die beeldvorming van Piet Uithalder. In: Adhikari, M. (red.). *Straatpraatjies: Language, politics and popular culture in Cape Town, 1909-1922*. Pretoria: Van Schaik.
- Willemse, H.** 2007. *Aan die ander kant: Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Protea.
- Willemse, H.** 2017. In jarelange verbondenheid: Adam Small en die Cape Flats Players. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(4): 879-896.
- Wolff, E.** 2019. Adam Small's shade of black consciousness. In: Praeg, L. (red.). *Philosophy on the border: Decoloniality and the shudder of the origin*. Pietermaritzburg: UKZN Press.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal.** Stellenbosch: Buro van die WAT.

Note

1. 'n Vroeë weergawe van hierdie artikel is op 24 Februarie 2024 tydens die Adam Small-fees op Pniël as die Small-gedenklesing aangebied. My dank aan Darryl David en die organiseerders vir hulle gewaardeerde uitnodiging.